

Artikel 8

Twee kommerwekkende voorbeelde

AH Bogaards

1 Augustus 2022

Ek wil net op 2 voorbeelde wys, om julle te laat sien hoe daar met die geïnspireerde grondtekste omgegaan word.

Psalm 110:3b: Geïnspireerde teks vervang met 'n nie geïnspireerde teks

1. Die 1953-vertaling lui: uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.

Dit is hoe die in die Masoretiese Teks (MT), die geïnspireerde teks staan.

2. Die 2020-vertaling lees: Uit die skoot van die daeraad het Ek jou soos dou verwek.

Waar kom die 2020-vertaling daaraan?

Dit sê hulle self in die voetnoot: **110:3 Ek ... verwek:** Vgl Ps 2:7. Talle Hebreeuse mss en van die •vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui (vertaal) “aan jou behoort die dou van jou jeug”.

Die vertaler erken self dat hy nie die geïnspireerde teks gevolg het nie, maar “talle Hebreeuse mss” (aan my onbekend, maar nie deel van die geïnspireerde teks nie) en van die vroeë vertalings. Nie geïnspireerde manuskripte en vertalings word gebruik om die MT te korreger. Dink julle dit self in: mensgemaakte vertaling word gebruik om die Woord van God te verander.

Die Septuagint, wat een van die vertalings is, lui egter: From the womb, before Morning-star, I brought you forth. (NETS-vertaling en ook volgens die nuutse uitgawe van die LXX, die Göttingen-LXX).

Let wel dat die woord *soos*, “soos dou”, nie in een van die ou vertalings staan nie. Dit is – let wel – ’n voorstel van die samestellers van die tekskritiese notas van die BHS.

Terloops, die verwysing na Psalm 2:7 pas glad nie, as jy nie die tekskritiese moontlikheid volg nie. Dit is misleidend.

Lukas 2:22: Die Skrifbeginsel van Skrif-met-Skrif-verklaring losgelaat agv tekskritiek en die UBS verkeerd bewys

In die 1953-vertaling staan: En nadat die dae van *haar* reiniging volgens die wet van Moses vervul was ...

Die 2020-vertaling daarenteen lui: Ná afloop van *hulle* reinigingstyd wat die Wet van Moses voorskryf ...

Die *haar* (1953) is natuurlik Maria. Die *hulle* (2020, ook 1992) is Maria en Jesus? Of Maria en Josef? Ek weet nie.

Die 2020 gee in hulle voetnoot as Skrifverwysing Levitikus 12:3,6.

Levitikus 12:3 lui: En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word. Wat natuurlik glad nie hier pas nie. Dit gaan nie oor die reinigingstyd. Levitikus 12:3 gaan oor die besnydenis op die agtste dag. Hierdie reinigingstyd is in die geval van 'n seun 33 dae na die geboorte. Jesus se besnydenis was volgens Lukas 2:21 alreeds verby. In v 22 is ons 25 dae verder.

Levitikus 12:6 lees: En as die dae van *haar* reiniging in die geval van 'n seun of 'n dogter verby is, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n jong duif of tortelduif as sondoffer bring na die ingang van die tent van samekoms, na die priester toe.

Dit gaan volgens Levitikus 12:6 oor *haar*, oor die vrou se reiniging.

Gevolgtrekking: Die 2020-vertaling het Levitikus nie gelees nie, maar ondeurdagd aangehaal.

- 1. Dit is nie Skrif-met-Skrif-verklaring nie.**
- 2. Dit wys ook hoe onbetroubaar die UBS, die Moderne Kritiese Teks (MKT) is.**

Ten slotte

Hierdie 2 voorbeelde is kommerwekkend. Ek glo daar is baie meer.